# ELEKTRONIESE DATA VOORDELE EN BESPARING

*Leslie Bergh, LNR-Diereproduksie-instituut, Irene • Tel: 082 801 2026 E-pos: leslie@arc.agric.za*

Soos die meeste van u waarskynlik bewus is, maak die Skema voorsiening vir twee opsies om data te stuur/ontvang, naamlik 'n papier opsie en 'n elektroniese opsie.

Die aantal kuddes wat gebruik maak van die opsie om data (geboortekennisgewings, prestasietoetsdata, oordragte en kansellasies) elektronies in te stuur en terug te ontvang, het die die afgelope drie jaar sterk toegeneem. Meer as 55% van alle kuddes wat deelneem aan die Skema maak reeds gebruik van die elektroniese opsie. Dit verteenwoordig ongeveer 75% van alle prestasietoetsdata wat ontvang word.

**Voordele:**
Die voordele om data elektronies te stuur, is kortliks die volgende:

- Maklik: Met vleisbeesbestuur sagteware soos BeefPro kan u baie maklik elektroniese datalêers (geboortekennisgewings, prestasietoetsdata, oordragte en kansellasies) skep en per e-pos stuur aan Stamboek of die LNR.

- Laer kostes: Die 2009/10 per kapita fooie van die Vleisbeesskema maak voorsiening dat kuddes wat gebruik maak van die elektroniese data opsie 63% minder betaal as kuddes wat gebruik maak van die papier opsie (R2-50 vs R4-00 per dier, BTW uitgesluit). Vir 'n kudde met 300 diere beteken dit 'n besparing van R450 per jaar.

- Minder risiko dat data verlore kan raak: Elektroniese versending van data deur middel van e-pos is baie meer betroubaar as met gewone (slakke) pos.

- Vinniger verwerking en terugvoer: U kan binne 'n paar uur nadat u die direre se gewigte ingestuur het, reeds u amptelike indekse, ens. terug hê op u rekenaar.

- Minder foute: Vleisbeesbestuur sagteware soos BeefPro kontroleer dat alle data volledig en korrek is voordat dit gestuur kan word. Vertragings in verwerking van data as gevolg van foute en navrae word dus grootliks uitgeskakel. Data hoef ook nie weer by Intergis gepons te word nie, wat moontlike ponsfoute uitskakel.

- Spaar tyd, papier, posgeld en petrol: U hoef nie verslae te druk, poskantoor toe te ry en seëls te koop om dit te pos nie.

Ons wil graag almal wat nog nie gebruik maak van die elektroniese data opsie nie, aanmoedig om dit te oorweeg. Kontak asseblief u plaaslike LNR streekskantoor om dit te reël. Indien u belang stel om BeefPro aan te koop om gebruik te maak van die elektroniese data opsie, kontak ook asseblief u plaaslike LNR streekskantoor.

**Wie kan dit gebruik?**
Alle deelnemers wat oor 'n e-pos adres en die nodige bestuurssagteware (soos BeefPro) beskik wat u in staat stel om data in die voorgeskrewe elektroniese formaat te stuur, kan gebruik van van hierdie opsie. Let asseblief op dat slegs deelnemers wat die elektroniese data opsie gekies het EN hul data in die voorgeskrewe elektroniese formaat instuur, die voordeel sal geniet van die laer per kapita fooie. Om te kontroleer op watter data opsie u kudde tans is, gaan na Logix (www.logix.org.za) > Navrae > Deelname > Deelnemer Besonderhede > Elektroniese Data Opname. Indien u opsie nie korrek is nie, kontak u LNR streekskantoor om dit te verander.

**Watter formaat?**
Let asseblief op dat SLEGS data wat in txt of csv formaat gestuur word, as "elektroniese" data beskou word vir doeleindes van opname op Intergis. [Data wat ander formate (byvoorbeeld pdf, Excel of Word) gestuur word, word NIE as elektroniese data beskou nie, aangesien dit NIE direk opgeneem kan word op Intergis nie en dus weer gepons moet word deur Intergis personeel).

Om data in elektroniese formaat uit BeefPro te stuur, gaan na Data Stuur/Opneem > Stuur en kies dan die betrokke data wat u wil stuur (Parings/KI, Geboortekennisgewings, Prestasietoetsdata, Oordragte en Kansellasies). Gebruik die Hulp funksie op die betrokke skerm of skakel u BeefPro agent indien u onseker is oor hoe die funksie werk.